

10 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 5:1-14; 2 Korintiërs 12:7-9 (OAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 15:8, 29

Verhoring van gebed

Gebed is deesdae iets wat dalk te min aandag in die lewe van die gelowige geniet. Kom ons vra dan: Wat openbaar die Here oor die verhoring van my gebede?

Ons moet eerstens weet dat die Here hoegenaamd nie ons gebede nodig het nie. Tweedens moet ons onthou dat daar 'n verskil is tussen hoor en verhoor. God hoor altyd die gebed van 'n gelowige. Hy verhoor egter nie altyd soos ons dit wil nie. Die Here gee nie altyd die uitkoms waarvoor ons bid nie.

Spreuke 15:8 leer ons hoekom die Here nie altyd verhoor nie. Daar lees ons die opregtes se *gebede* is vir die Here aanvaarbaar. Ons moet egter ook raaklees dat die *offer* van die goddeloses vir die Here 'n afsku is. Sien jy die twee teenpole? Goddeloos en opreg; *offer* en *gebed*. Hebreërs 5:7 sê Christus se gebede was *offers*. Sy hele lewe, sy sterwe, alles was 'n offer – selfs sy gebede. Natuurlik is ons gebede vir die Here lofoffers en dankoffers, maar ons hoef nie meer *vir ons sondes herhaaldelik te offer* nie; ons mag en moet nou op grond van die eenmalige offer van Christus se kruisdood bid. Ons moet egter ook altyd in geloofsvertroue bid (Jak. 1:6-8). Ons moet so seker weet dat die Here ons hoor *dat ons as't ware in die gebed die genadetroon van die Almagtige vasgryp*. Iemand wat sonder geloofsvertroue bid, is dubbelhartig (Jak. 1:6) en betwyfel God se almag en minag die offer van Christus.

Christus is die volmaakte offer wat voor die Vader aanvaarbaar is (Heb. 5:9). Christus bewerk die saligheid vir dié wat aan Hom gehoorsaam is (Spr. 15:29). Christus se smeking in die tuin van Getsemane, dat die beker by Hom mag verbygaan, is *gehoor*, maar nie direk *verhoor* nie. God sou later sy gebed verhoor deur hom uit die dood te red (Heb. 5:7), maar Hy moes eers aan die kruis geoffer word. Sy onverhoorde gebed, die offer vir ons sondes, was die grootste voorbeeld van gehoorsaamheid aan God.

Deur gebed mag ons nou in die troonsaal van die Almagtige gaan staan. Die Here hoor jou en Hy gee uitkoms as Hy verhoor. As Hy nie verhoor nie, leer ons Vader ook vir sy kinders gehoorsaamheid, sodat ons hoe langer hoe meer nie onself nie, maar vir Christus soek.

Sing: Psalm 145:8, 9, 10, 11, 12 (Totius)

Teologiese Student M Boersema